**DIE HERE VOORSIEN!**

Genesis 22:14

**1. TYD VIR 'N EKSAMEN!**

VS1 – <u>God stel vir Abraham op die proef</u>. Hy moet '**n eksamen** in die vak "geloof" aflê! Dis 'n **praktiese eksamen.**. Hy het nou al 'n klomp goed van God geleer en gehoor en nou kry hy die kans om al hierdie teorie *toe te pas* in sy lewe. Dis byna soos 'n **rugbyspan** wat voor die tyd taktiek bespreek het, maar dit nou op die veld in die wedstryd moet gaan toepas.

<u>Dit gebeur met ons ook</u> - ons wat sê dat ons **vir God liefhet**. Ons beland in situasies wat vir ons 'n **toets** is of ons werklik vir God **eerste** stel. Ons word getoets of ons Hom SO VERTROU dat ons Hom *onvoorwaardelik* gehoorsaam.

<u>Abraham stel vir ons in hierdie hoofstuk 'n goeie voorbeeld</u>. Mag dit ons ook *inspireer* om God SO te vertrou en suksesvol te wees in ons geloofseksamens!

**2. DIE VRAAG: VERTROU JY VIR GOD?**

Vs 2: <u>God se opdrag</u> aan hom was om sy seun, sy enigste seun, vir wie hy lief was, te gaan offer. Vandag kllink so iets vir ons verskriklik, maar ons moet in gedagte hou dat Abraham vroeër 'n heiden was en onder die heidene was dit **nie vreemd** om kinders vir hulle afgode te offer nie. Wat wel vir Abahamr **baie onverstaanbaar** moes gewees het, was dat God nou weer vir Isak wou *terugneem*. Isak was dan die kind wat die Here deur 'n wonderwerk aan hom en Sara gegee het toe hy al 99 en sy al 90 jr oud was! God het aan hulle 'n **groot nageslag** belowe en nou wil Hy hul enigste nakomeling op daardie stadium kom wegneem. Waar gaan die groot nageslag *nou* vandaan kom? Dit was 'n <u>toets</u> vir sy **vertroue** in God en van sy **prioriteite**. Die eksamenvraag is: Vertrou jy vir God? Kom Hy vir jou eerste?

<u>As dit vir Abraham net gegaan het</u> oor wat hy uit sy verhouding met God ***kan kry***, oor die *voordele* wat dit vir hom kon inhou, die *seën* wat hy daardeur kon ontvang, was dit nou '**n goeie tyd** om hierdie verhouding te verbreek! God wil dan nou die kosbaarste wat hy gehad het, van hom wegneem. En dink hoe kwaad **Sara** vir hom gaan wees…

<u>Maar dit mag nooit</u> vir 'n mens in jou verhouding met God daaroor gaan wat jy daaruit kan KRY nie. Dit wat jy en ek daaruit kry, is 'n *bonus*, is genade. Dit gaan nie oor *my* nie.

Abraham het *dit besef en so aanvaar*. Daarom maak hy gereed en vertrek sommer nog vroeg die volgende more.

**3. DIE ANTWOORD: EK GEHOORSAAM HOM**

Vs 7: Isak het seker al **meermale** saam met sy pa gegaan as hy gaan offer het. Hierdie keer was dit tog iets anders. Hulle het dan nie 'n offerlam gehad nie? "Pa,", vra hy, *"hier is die vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?"* <u>Dis seker die vraag wat Abraham gevrees het</u>. Sal hy maar maak asof hy nie hoor nie? 'n Leuen vertel? Dit probeer wegpraat? Nee, hy antwoord met 'n **geloofsbelydenis**: *"My seun, God sal self sy eie offerlam voorsien."* Hy het nog nie geweet *hoe* nie. Maar hy het vasgehou aan God se belofte. Hy het God *steeds vertrou*. In **Hebreërs 11** word sy geloof as 'n voorbeeld voorgehou en dan lees ons in vs17-19 (lees p 298).

Omdat God sy Seun weer uit die dood **opgewek** het, kan ons vandag weet dat God **wonderlike maniere** het waarop Hy kan voorsien. Daarom kan ons Hom maar **gehoorsaam wees**, al maak dit nie vir ons aldag sin nie. Al lyk dit vir ons Hy lei ons

in ‘n **doodloopstraat**. Soms kom ons voor ‘n **muur** te staan, maar Dawid getuig: *“Met my God spring ek bo-oor ‘n muur!”* Geloof is om God op sy Woord te vat en daarvolgens te handel.

Vs9: Ek weet nie wat alles deur **Isak se gedagtes** moes gegaan het terwyl sy pa uiteindelik vir HOM op die altaar vasgebind het en hy besef het HY gaan die offer wees nie. Hoe sou JY gevoel het? Ek kan my ook nie regtig **indink** hoedat Abraham as pa moes gevoel het nie. Dalk het hy ook stilletjies soos die Here Jesus gebid dat God tog hierdie **beker** by hom moet laat verbygaan…

**4. DIE UITSLAG: SLAAG!**

Op die laaste oomblik gryp God egter in.
Vs12: *“Nou weet Ek dat jy MY dien.”* Jy het nou **gewys** jy dien nie *vir Isak* of *vir jouself* of vir *jou vrou* Sara nie. Ek kom *eerste* in jou lewe. Jy het my *bo alles* lief. Abraham het die eksamen daardie dag **geslaag!** Hy het die toets deurgekom!
Die Here het toe voorsien soos wat hy al die pad geglo het. Agter hom was daar ‘n skaapram: vs 13 en 14 *(lees)*

**5. DIE NAGMAAL: ONS KAN NIE DRUIP NIE!**

Dit is wat ons vandag met die nagmaal vier: **Dat die Here voorsien**! Ons almal moes gesterf het vanweë ons sonde. Niemand van ons was nog altyd 100% gehoorsaam nie. Ons verdien almal om te **druip**. Die **loon** van die sonde is die dood. Ons *verdiende loon* was om geoffer te word vir ons sonde. Maar God het ‘n **Lam** in ons plek voorsien – Jesus Christus. Hy het sy **Seun,** sy enigste, vir wie Hy liefhet, geoffer om vir ons sonde te betaal. Hy het nie op Golgota weer soos op Moria ingegryp nie. Maar Hy het Jesus weer uit die dood opgewek. Wie **in Hom glo**, sal nie *verlore* gaan nie, sal nie *druip* nie! Ons sal soms swakker en soms beter vaar, maar ons kan nie meer druip nie.

Hoe dink jy het Isak daarna gevoel? (Jy – toets se uitslag…) **Verlig**, BAIE verlig sou ek dink!

Dis hoedat ons ook kan voel wanneer ons die tekens van die brood en die wyn/ druiwesap gebruik. **Baie verlig** dat Iemand anders in ons plek gesterf het sodat ons kan lewe, **dankbaar,** want ons het dit nie verdien nie, dis genade. Ons kan baie **bly** wees dat ons SO ‘n God mag dien. Hy is REGVERDIG, maar Hy is ook ‘n God van LIEFDE.
Laat ons Hom dan altyd **vertrou** en **gehoorsaam**.

Amen.
17 Mei 2009

**Kinders en nagmaal:**

**Die Sinode** het in 1994 besluit dat:

- Gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo
- Aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen en
- Die begeerte het om Nagmaal te gebruik,
- Tot die Nagmaal toegelaat mag word.

**Ouers** is verantwoordelik vir die begeleiding van hul kinders. In die gesprek met die kinders, moet hulle op die volgende gewys word:

- **Die brood en wyn wys ons** op Jesus se middelaarsterwe vir ons.
- **Daardeur verseker die Here ons** van Sy liefde en vergifnis van al ons sondes.
- **Deur ons deelname sê ons** dat ons glo dat Jesus vir ons sondes gesterf het, dat ons God liefhet en vir Hom alleen leef.

TEOLOGIESE MERKERS:

- Die nagmaal lê in die verlengde van die **Pasga**.
- Dit is ‘n **Verbondsmaal** waarby die kinders ingesluit is en waarin die **ouers** dus ook ‘n bepaalde verantwoordelikheid het.
- As **sakrament** het dit ten doel om te troos, te help verstaan en geloof te versterk en is dit nie *gebou* op die geloof of begrip nie.
- Dit is ‘n **genade**teken wat alleen soos kindertjies **ontvang** kan word (Luk 18:17).
- 1 Kor 11 se verwysing na die eet van ‘n oordeel oor jouself, hang saam met die verbreking van die eenheid van die kerk (rykes het armes en slawe nie geag nie). Die gedeelte het nie ten doel om die mate van erns of insig as kwalifikasie vir die “waardige” gebruik van die nagmaal te stel nie.

Lees gerus ook Dr Rian Prins se boekie: **Brood en Wyn vir groot en klein**. Dit is in die Gemeentebiblioteek beskikbaar.